Helderberg Vriende Nuusblad

No 82 November 2017

Skemer-konsert-reeks 2017/18

'n opwindende program

Hierdie jaar het die Vriende hulself oortref met hul keuse van kunstenaars vir ons konsert-reeks. Die trefferkunstenaar *Mark Haze* en sy oorspronklike rock-klanke is die eerste om die verhoog te betree. Ander kunstenaars in die reeks sluit in: die plaaslike legende *Koos Kombuis,* die internasionaal-berese kunstenaars *Raoul* en "*Lonesome" Dave Fergusan*, die uiters gesogte groep *Coda Africa* en ons plaaslike gunstelinge, *Shiraz.*

Twee plaaslike skole, *Parelvallei Hoërskool* en *Somerset College,* se baie suksesvolle bands is ook uitgenooi om hul jong musikale talent ten toon te stel voor die hoofkunstenaars se optredes.

Datums en tye

Die konsertreeks sal oor drie maande strek, vanaf Desember tot Februarie. Behalwe die eerste konsert op *Saterdag,* 16 Desember, sal al die konserte op Sondagaande gehou word.

Konserte sal om 17:00 begin en aanhou tot om en by 19:00, wat dan vir almal genoeg tyd sal gee om klaar piekniek te hou en teen 20:00 te kan vertrek.

Kaartjies

Kaartjies kos R80 vir volwassenes en R50 vir skoliere (5 tot 18 jaar); kinders onder vyf kom gratis.

Seisoenkaartjies word ook teen 'n afslagprys aangebied – vir al vyf konserte R350 vir volwassenes en R200 vir skoliere.

Mark Haze

Saterdag, 16 Desember	*Hoofprogram:* **Mark Haze** *Voorprogram:* **Parelvallei Hoërskool Band**	Toptreffer en rocker, *Mark Haze*, betree die verhoog met sy oorspronklike rock-klanke. Hy is bekend vir sy ongelooflike veelsydigheid as sanger en energieke optredes. Verwag welluidende sang, dinamiese kitaarspel, polsende ritmes en deelnemende toeskouers. ROCK/POP.
Sondag, 14 Januarie	*Hoofprogram:* **Shiraz** *Voorprogram:* **Somerset College Band**	Kom geniet al jou gunstelling musiektref-fers van die 60's tot nou met *Shiraz*, een van Somerset Wes se bekendste groepe. Hier is jou kans om te kom dans! COVERS
Sondag, 28 Januarie	*Hoofprogram:* **Coda Africa** *Voorprogram:* **Parelvallei Hoërskool Band**	Kaapstad se gewilde groep, *Coda Afrika,* bring hul kenmerkende verskeidenheid musiek: van klassiekgeïnspireerde bal-lades tot electro-swing. 'n Program so veelsydig soos Kaapstad self. CLASSICAL/JAZZ/AFRO FUSION
Sondag, 11 Februarie	*2-in-1 Program* **Dave Ferguson & Raoul** *Spesiale Gas:* **Natalie Chapman**	Internationale kunstenaar *Raoul* se optre-des is opwindend! *Raoul* is die leier en eerste kitaarspeler van die vurige Blues/ Rock-groep. *"Lonesome" Dave Ferguson* is op sy eie met uitbundige Trans-Blues en Country Dub musiek. BLUES/ROCK
Sonday, 25 Februarie	*Hoofprogram:* **Koos Kombuis** *Voorprogram:* **Parelvallei Hoërskool Band**	*Koos Kombuis* word gesien as een van die beste liedjieskrywers in Suid-Afrika. Een van sy bekendste treffers, "Lisa se Klavier", is vertaal in Nederlands, Portugees en Engels. Hy het twee albums saam met Belgiese kunstenaar, Stef Bos, gemaak – 'n legende in Suid-Afrika. AFRIKAANS

Vir aanlyn inligting gaan na: www.facebook.com/helderbergnaturereserve/events

Skemerkonsertreeks *(vanaf bl. 1)*

Beskikbaarheid van kaartjies

Kaartjies te koop:

- aanlyn via http://tickets.tixza.co.za/events/25889
- by die Besoekersentrum in die reservaat, daagliks, 10:00 – 16:00
- by die ingang van die reservaat op konsertdae, vanaf 15:30

Alle opbrengste word aangewend vir bewaring binne die reservaat.

'n Groot dankie aan ...

ons borge *Ex Solar* en *Borehole Drilling Solutions;* asook aan Ian Whalley, grafiese ontwerper, vir sy wonderlike plakkate, strooibiljette en aanlyn-mediaontwerpe – 'n ongelooflike bydrae – en om boonop as vrywilliger te werk. Ons bedank ook *Marguerite MacRobert* vir haar kunswerk, 'n mandala skets.

Laastens, maar nie die minste nie, bedank ons al ons vrywilligers in die Konsertkomitee wat so hard werk sodat hierdie konsertreeks kan plaasvind.

Moenie dit misloop nie!

Ons moedig ons Vriende aan om hierdie indrukwekkende groep kunstenaars se lewendige optredes in ons pragtige natuurreservaat te kom geniet. Sien julle daar!

- Konsertkomitee

Ons benodig nog vrywilligers!

- Iemand wat oor konsertnaweke baniere kan gaan opsit
- 'n Professionele fotograaf wat, as vrywilliger, fotos kan neem
- Verhoogassistente
- Hulp met parkering

As jy kan help, kontak Hendrik Dieckmann, Projekbestuurder, epos: hendrikdi@live.co.za

Die nuutste van Owen Wittridge

Area Biodiversiteit Koördineerder

Soos die feesseisoen nader kom, moet ek weer die belangrikheid daarvan beklemtoon dat ons almal met ons waterbesparingspraktyke aanhou. Met die weer wat warmer word en die brandseisoen wat begin het, kan ons nie bekostig om 'n enkele druppel te mors nie.

Strategieë vir waterbesparing

Die Stad Kaapstad het verskeie vergaderings met senior personeel gehou om almal op hoogte van sake te bring van presies waar ons staan en wat ons moet doen om "Dag Nul" te voorkom. Dit is beklemtoon dat elke inwoner en besoeker moet verseker dat ons hou by die limiet van 87 liter per persoon per dag.

Die Stad is besig om tenders toe te ken aan maatskappye wat in staat is om die Ontsoutingsprogram te implementeer en te bestuur. Die program sal help om die doel van 500 Ml-gebruik per dag te bereik.

Die Stad het ook 'n intensiewe bewusmakingsveldtog geloods vir alle inwoners en besoekers. Ek moedig u aan om die onderstaande skakel te gebruik vir meer inligting oor die veldtog.

http://www.capetown.gov.za/thinkwater

Ons kan almal saam 'n verskil maak en verseker dat ons in die somermaande water het om te gebruik.

Brandseisoen

Terwyl die brandseisoen nader, met die kritieke watertekort, moet ons nóg versigtiger wees sodat veldbrande voorkom en nuwe brande so gou moontlik aangemeld word. Die Stad se Brand- en Reddingspersoneel is op hoë gereedheid om op enige voorvalle te reageer.

Ek moedig u aan om die volgende noodnommers byderhand en op u selfoon te hou, en aan u familie en vriende deur te gee:

- ***107 vanaf 'n landlyn***
- ***021 480 7700 vanaf 'n selfoon***

Die personeel van die Inbelsentrum sal die noodspanne in kennis stel.

LW. Moet nie die naaste brandweerstasie skakel nie! Hulle voertuie is moontlik reeds uitgeroep. Hulle moet in elk geval die Inbelsentrum skakel. Wees verseker dat 'n plan gemaak sal word en 'n voertuig sal opdaag om te help.

Prestasies

Ek is bly om te kan sê dat baie bereik is gedurende die afgelope ses maande. Die onderstaande projekte verdien spesiale vermelding – elkeen moontlik gemaak deur die ruim finansiële bystand van die Vriende, aan wie ons graag dank betuig.

1. Bome in die piekniekarea

In Juliemaand het stormwinde die reservaat geteister en baie eikebome is omgewaai. Die personeel moes heelwat opruimwerk doen, en die piekniekarea is sonder skaduwee gelaat. 'n Oproep is op die publiek gedoen om geldelike bydraes tot 'n Boomfonds te maak vir die aankoop van geskikte plaasvervangerbome.

Ek is bly om te kan berig dat danksy die ondersteuning van die publiek en die Vriende, vier nuwe inheemse bome geplant is, naamlik:

- 'n **Geelhout** *(Podocarpos latifolius),*
- 'n **Assegaai** *(Curtisia dentata)*
- 'n **Wit Stinkhout** *(Celtis africana)*
- 'n **Kaapse Boekenhout** *(Rapanea melanophloeos).*

Brandgevaarindeks
Slaan asseblief ag op die waarskuwing, veral op hoërisikodae.

Die aanplanting van nuwe skadubome in die piekniekarea

Die vierde boom is geskenk deur *Habitat Mature Tree Nursery,* die maatskappy wat die bome gelewer het – 'n groot dankie aan hulle!

Indien nodig sal die bome natgemaak word met water uit Pete's Pond (ingeval u bekommerd is dat ons drinkwater gebruik!).

2. Die plankpad

Borgskap deur die Vriende het dit vir ons moontlik gemaak om materiaal ter waarde van R120 000 te koop. Dit sal gebruik word om dele van die pad om die Duck Pond te vervang en te herstel. Veld-personeel het hiermee begin en vordering is reeds gemaak.

3. Die veiligheidsomheining

Ons het die gedeelte van die heining vanaf die ingang tot by die eerste huis in Versterlaan voltooi. Hierdie gedeelte was verwaarloos, onooglik en boonop onveilig – baie mense het onwettig toegang tot die reservaat verkry deur oor die heining te klim.

Die nuwe heining lyk nie alleen netjies nie, maar is weens die slim ontwerp baie moeilik om oor te klim.

Planne vir die toekoms

Wat is nog vir die volgende paar maande vir die reservaat beplan?

► Watertenks

Ons het 10 x 5000 liter watertenks bestel. Dit sal by strategiese geboue op die reservaat geïnstalleer word om met waterbesparing te help.

Meeste van die tenks sal agter die openbare toilette opgerig word, waar reënwater gebruik sal word om die spoelbakke te help vul.

► Bykomende parkering

Ons beplan om addisionele parkering buite die reservaat langs die nuwe heining te skep. Tans word die ruimte swak benut omdat motors slegs agter mekaar kan parkeer. Ons wil die grond tot teenaan die heining gelyk maak en motors toelaat om skuins te parkeer. Hierdie is 'n groot projek en daar sal nie veel te sien wees totdat die beplanning goedgekeuring is nie.

► Herstelwerk en onderhoud.

Die personeel sal besig wees met algemene instandhouding en onderhoud van die infrastruktuur tydens die aanloop tot die feesseisoen. Daar sal gras gesny word en opknapping van die publieke toilette gedoen word. Daar word ook beoog om nog inligtingsborde in die reservaat op te rig.

Baie dankie Vriende

Soos u kan sien het daar dinge in die reservaat gebeur. Baie daarvan sou nie moontlik gewees het sonder die voortgesette ondersteuning van u, die Vriende van die Natuurreservaat, nie.

Ek verseker u dat die Vriende komitee die belange van die Vriende, sowel as die reservaat, op die hart dra. Dit is 'n plesier om hulle te ontmoet om projekte en sake rakende die Vriende te bespreek. Ek wil u almal daarvoor bedank.

Ter afsluiting

Baie van u beplan seker 'n welverdiende vakansie. Indien u weggaan, wens ons u 'n veilige reis toe. Die wat tuisbly kan gerus by die reservaat inloer. Dit is werklik 'n besondere plek.

– Owen Wittridge

DROUGHT CRISIS
THINK WATER
www.capetown.gov.za/thinkwater

Besoekersentrum
en Geskenkwinkel

Danksy ons toegewyde vrywilligers, is die Besoekersentrum bedrywig! Dit gebeur dikwels dat besoekers kom vertel wat hulle gesien het en interessante foto's met die personeel deel.

Lidmaatskap

Daar was 'n toename in getalle, ten spyte van die koue seisoen. Die lidmaatskap, saam met kinders en tieniers, is nou 5 000^{+}.

TV uitstalling

Die TV-uitstalling van foto's, wat deur ons lede in die reservaat geneem is, is aan die gang. Hendrik Dieckmann het onlangs 'n voëlgeluide as agtergrond bygevoeg – die moeite werd om te sien.

Geskenkwinkel

Nuwe voorraad reg vir die Kersvakansie is nou beskikbaar. Ons bedank ons lede wat ons lojaal ondersteun.

– Penny Clifton-Smith

Helderberg Natuurreservaat

Boomfonds

Die Vriende se Komitee bedank alle lede en nie-lede wat tot die boomfonds begedra het.

Ons het to nou **R18 326** ontvang. Dit dek net meer as die helfde van die koste van die bome van aangekoop en in die piekniekarea geplant is. Enige donasies om die oorblywende bedrag te voorsien, sal baie welkom wees.

Uitroei van indringers in die reservaat

Trevor en Tanya McCormack met die dennebome wat hulle uitgehaal het.

Gené-Maré Kotzé besig om bome uit te haal.

Ons het ons meesal toegespits op die noordwestelike kant van die afgebrande denneplantasie bokant die opgaardam. Ons ontdek toe dat denne en looibas-bome hier volop is. Ons ontdek toe ook vir die eerste keer die *pearl wattle.*

Ons het ook in 'n mindere mate *Port Jackson*, *Langblaarwattel*, *Spaansebesem*, *Skotse dissel* en *Kasuarisbome* gekry.

Ons het probeer om die *Dodder* uit die middeltuin te verwyder, maar ons moes die handdoek ingooi. Die uitroei was net te moeilik en oneffektief.

Die bywoning was goed ten spyte van gure weer.

– James Silberbauer

Beplannde uitroeidatums ▶
Vir meer inligting bel James Silberbauer by 078 306 1660.

• 09 Desember • 13 Januarie
• 10 Februarie • 10 Maart
Begin soggens om 07:30.

'n Vakansieprokjek.

Vrugte vir die kospakkies.

Vakansieprogram

Daar is gedurende die Junie/Julie-vakansie 'n Omgewingsopvoedkundige program vir hoër- en laerskole aangebied – 162 leerders het deelgeneem. Die H.E.E.P. projek het die busvervoer voorsien.

Verskillende belangrike temas van biodiversiteit is bespreek:

- Wilde diere versus troeteldiere: hoe verskil die hantering?
- "*Tommy and the Tree*" – 'n program oor bome
- Die opgradering van afvalmateriaal

Leerders is met speletjies meer bewus gemaak van omgewingsake.

Elke leerder het 'n gesonde kospakkie en 'n koppie sop gekry danksy die Vriende.

Esmay Josephs, Education Officer

Esme het onlangs die EEASA (Environmental Education Assosiation of SA) se konferensie in Botswana begewoon. Sy het dit leersaam en stimulerend gevind en bedank die Vriende wat dit moontlik gemaak het.

Eko-Skole Program

Eko-Skool Maple House vier Internasionale Toerismedag

Freya Brett, die sameroeper van Helderberg Eko-Skole, was so bevoorregd om na die Toerismedag by Maple House op 9 Augustus uitgenooi te word. Hierdie gebeurtenis is met groot feestelikheid en opgewondenheid gevier.

Die doel was om die Kaapse tradisionele kos bekend te maak. Leerders het soos toeriste van verskillende lande en plekke aangetrek.

Saam met hoogeplaaste gaste, het hulle lustig tradisionele liedjies gesing en tradisionele kos, soos smoorsnoek, breyani, bobotie en groenboontjiebredie, geniet. Almal sou graag meer malvapoeding wou hê!

Aangetrek soos toeriste van verskeie lande, is hulle slaggereed om ons tradidionele kos en liedjies te geniet.

Almal het tevrede teruggekeer huis toe met die wete dat ons 'n ryke kulturele erfenis in hiedie reënboognasie het en dat ons baie het om met besoekers aan ons land te deel.

H.E.E.P.
Busvervoer-projek

Dis 'n onmisbare projek om minder bevoorregte skole in staat te stel om die reservaat te besoek.

Ons bedank almal wat hierdie projek ondersteun het. Hou asseblief die wiele aan die rol deur 'n bydrae te gee. Skakel Freya Brett by 021 852 8831 (weeksdae 09:00 to 13:00) vir meer inligting.

Herstel

van die Denneplantasieblokke: Deel 3

Die herstel van die ou plantasieblokke binne die Herlderberg Natuurreservaat het die afgelope jaar stadiger verloop. Soos die natuur die proses oorneem, is dit vanuit 'n bestuursoogpunt nie nodig om in te meng nie.

Monitering van die gebied gaan wel voort. Hierdie jaar se opname van die areas wys dat die herstel van die veld teen 'n bevredigende tempo voortgaan en dat die biodiversiteit en die werking van die ekostelsel in hierdie areas voortdurend verbeter.

Erica quadrangularis

Sade wat hulself vestig

In 2015 is 'n klompie proteasade, wat inheems tot die area is, gesaai. Die doel hiervan was om die laatbloeiende spesies wat a.g.v. die dennebome verdwyn het, weer terug te bring. Hierdie plante het hulself nou suksesvol in die area gevestig. Die plante blom vanjaar en is besig om hulle eie saadvoorrraad op te bou.

Felicia sp

Microloma tenuifolium

'n Erica wat verras

Nog 'n verrassing was die eerste Erica spesie wat blom, 'n spesie wat ook in die ou plantasieblok te vinde is. Twee Erica quadrangularis-plante wat blom en in 'n gesonde toestand is, is gevind. Hopelik sal daar meer wees wat volg.

"Die plante blom vanjaar en is besig om hulle eie saadvoorraad op te bou."

◀ Leucadendron rubrum

Bestryding van indringerspesies

Die Vriende se uitroeispan gaan voort met die uitroei van indringerplante, wat a.g.v. versteurings in die natuur hulself hier wil vestig. Die uitroei van indringerplante is 'n belangrike deel van die herstelproses en die reservaat se bestuur waardeer enige bystand van vrywilligers.

– Hayley-May Wittridge

Hugh Middleton (middel agter) en ander gelukkige stappers op West Peak.

100ste tog in die vooruitsig!

Ons voorsien 'n spesiale geleentheid in die nabye toekoms. Op 9 Desember gaan Hugh Middleton saam met vele ander stappers sy 100 ste aanslag op West Peak aanpak.

Dit is 'n besondere prestasie. Hy het die berg 20 keer in die afgelope 12 maande geklim. Laas Desember het hy op sy tagtige verjaarsdag die berg (saam met sy seuns) vir die tagtigste keer geklim.

Beplande Staptogte

Begeleide staptogte vind die eerste Saterdag van elke maand plaas. Ontmoet by die Oak Café.

Gepaste skoene is noodsaaklik Bring genoeg water (minstens 1.5 liters), 'n hoed, sonblok, iets warm en waterdig – die weer kan vinnig verander – en eetgoedjies saam. As die weer nie saamspeel nie, sal die staptog die volgende Saterdag plaasvind.

Staptogte: Desember 2017 — Maart 2018

Datum	Begin	Roete	Graad	Tyd
2 Des	07:30	Leopard Loop	2A	3+ uur
6 Jan	07:30	Watsonia/ L/Loop	2.5A	4+ uur
3 Feb	07:30	Woodie's Walk	2.5A	5+ uur
3 Maar	07:30	West Peak	3B	7+ uur

Gradering: 1 maklik **2** matig **3** moeilik
A geen hoogtes nie **B** soms klim
C matige hoogtes

Vir verdere inligting, bel Don Reid by 072 270 7972.

Begeleide Dag– en Naguitstappies in die Reservaat

Nog 'n reeks uitstappies is beplan. 'n Klein fooi word gehef. Die stapgroepe word tot 20 persone beperk, dus is vroegtydige bespeking raadsaam.

Let op: Aanvangstye en plekke verksil.

• Beplande daguitstappies

Dit word op die laaste Sondag van die maand gehou en begin by die Oak Café om 08:00, *behalwe* die voëluitstappies wat vroër en by die ingang begin.

- **17 Desember: Voëls** *(begin 07:00)*
- **28 Januarie: Fynbos**
- **25 Februarie: Voël** *(begin 07:30)*
- **25 Maart: Inheemse Bome**

Die uitstappies duur ongeveer 2 uur en is nie veeleisend nie. Dra gemaklike skoene; bring 'n hoed en iets om te drink saam.

• Beplande naguitstappies

Dié word op 'n Saterdag gehou en begin om 20:15 by die ingang.

- **03 Februarie: Volmaan**
- **17 Februarie: Nuwemaan**
- **17 Maart: Nuwemaan**

Uitstappies duur omgeveer 2 uur. Dra gemaklike skoene; ***bring 'n flits saam*** *–geen kopligte asseblief!*

• Skemeruitstappies

- **03 Maart: Volmaan**

Daar is 'n gelydelike klim na die bank aan die bopunt van *Leopard's Loop* – 'n matige graad van fiksheid is nodig. Dra gemaklike skoene; bring eetgoedjies en 'n flits saam. Die uitstappie begin by die ingang om 17:30 – terug by die parkeerterrein teen 21:00.

Leiers

Die boom-, fynbos- en naguitstappies word deur Andreas Groenewald, bygestaan deur Jeff Groenewald, gelei; die voëluitstappies deur Jill Mortimer.

Om deel te neem…

Kaartjies is by die Besoekersentrum verkrygbaar. Die fooi is:
Lede: Volwassene R30; Skolier R15
Nie-lede: Volwassene R50; Senior Burgers R40: Skolier R25. (Dit sluit die normale toegangsfooi tot die reservaat in.)

Besprekings vir die 2018 uitstappies open op *5 Januarie*, nie vroeër nie.

Let op:

- Kontant betalings is verkieslik.
- Dis nie moontlik om besprekings telefonies of aanlyn te doen nie.
- Bespekings vir alle uitstappies sluit om 12 uur op die Vrydag voor elke uitstappie.
- Uitstappies begin stiptelik op die gemelde tyd en plek.
- Sou dit nodig wees om 'n uitstappie te kanselleer, sal die besprekingsgeld terugbetaal word.

✦ Sterrekyk ✦
21 April 2018

Die volgende sterrekykgeleentheid word vir 21 April volgende jaar beplan. S*tarPeople* – Auke Slotegraaf, Edward en Lynettte Foster – sal dit weer hanteer. Die vorige Sterrekyk was hoogs suksesvol en ons hoop dat ons weer 'n wolklose aand sal ondervind.

Ons sal alle inligting in verband met besprekings, koste en wat ookal nodig is, beskikbaar maak sodra ons al ons reëlings gefinaliseer het. Hou dus die nuusbrief dop!

Uitgegee deur: Die Vriende van die Helderberg Natuurreservaat ◆ NWO Registrasie Nr: 062-777-NPO
Posadres: Posbus 2075, Somerset-Wes 7129 ◆ E-pos: helderbergfriends@telkomsa.net
◆ Besoekersentrum ☎ 021 851 4060 ◆ Mike Woods Omgewingsopvoedkundige Sentrum ☎ 021 444 2572
◆ Webwerf: www.helderbergnatureserve.co.za